# Dr A Jacobsz Inc.

MB ChB (UOFS), FC (Ophth) SA
PR No. 0488682

**OOGSPESIALIS - OPHTHALMOLOGIST**

PRETORIA EYE INSTITUTE
Suite 207, 630 Francis Baard Street,
Arcadia 0083, RSA

☎012 343-3598
012 343-5133
☎After Hours 012 343-5873
admin@eyehealth.co.za

FAERIE GLEN EYE INSTITUTE
449 Selikats Causeway
Faerie Glen

☎012 9933169
012 9933431
☎After Hours 012 343-5873

## Belangrike instruksies wat nagekom moet word na u katarak verwydering en Intra-okulêre lensinplanting

- Verkeer asseblief rustig by die huis die eerste dag na die operasie.

- U oogdruppels:

  1. Begin u oogdruppels ingooi **twee ure** na die operasie.
  2. Druppels moet elke **twee ure ingegooi word tot slaaptyd van die dag van die operasie.**
  3. Vanaf dag twee: PredForte **Vier keer per dag tot klaar**
     Vigamox: **Vier keer per dag vir vyf dae**
  4. Onthou om die pynmedikasie wat voorgeskryf is te drink wanneer u by die huis kom na die chirurgie om enige ongemak in die geopereerde oog te voorkom.
  5. Skud die botteltjie goed voor u die druppels ingooi.
  6. Vermy kontak van die botteltjie met die ooglede om kontaminasie te voorkom.
  7. Gebruik die druppels 5-minute uitmekaar.

- Die plastiek oogklappie moet gedra word met slapenstyd vir 'n week na die operasie.

- U oog moet skoongemaak word met steriele water wat voorsien is indien daar afskeiding in die oog is.

- Vermy kraanwater in die geopereerde oog vir 'n week na die operasie.

- Geen grimmering moet op ooglede of wimpers geplaas word vir 'n week na chirurgie nie.

- Kontak asseblief die spreekkamers dadelik indien u enige van die volgende simptome in die geopereerde oog ervaar:

  1. **Toename in rooiheid**
  2. **Toename in pyn**
  3. **Afname in visie**

- U kan aangaan met u daaglikse aktiwiteite na die chirurgie en motor bestuur vanaf die tweede dag na die operasie as albei oë oop is.

- Vermy om swaar voorwerpe op te tel of strawwe oefening te doen die eerste week na chirurgie. As jy betrokke is in strawwe oefening moet jy dit asseblief vermy vir ten minste twee weke.

- U kan lees en televisie kyk sonder enige risiko vir u geopereerde oog.

- U kan u oë laat toets deur 'n oogkundige en 'n nuwe bril kry ses weke na chirurgie.

- As u dit moeilik vind om te lees gedurende die ses weke wagtydperk, kan u met u ou bril lees. Indien dit nie werk nie is daar leesbrille beskikbaar by die apteek wat die lees sal vergemaklik in hierdie tyd. Die gepaste sterkte is gewoonlik +2.00.

- In geval van nood of indien u enige vrae het kan ons gekontak word by:

  Spreekkamers: 012 3433598
  Na ure: **0124270000**